# Laerskool Villieria

100 JAAR
1903 - 2003
LOOP WAKKER

Telefoon: 012 331 1100
E-pos: villiesskool@icon.co.za
Webwerf: www.laerskoolvillieria.co.za

Ben Swartstraat 1032
Villieria
Pretoria
0186


29 Januarie 2025

Geagte ouers/voogde

**<u>OMSENDBRIEF 1/2025</u>**

Alle ouers/voogde neem asseblief kennis van alle inligting hierin. Hierdie Omsendbrief hanteer 'n wye verskeidenheid van onderwerpe wat jaarliks redelik standaard in ons skool is, maar ook inligting wat wysig.

- **<u>KWARTAALPROGRAM – BELANGRIKE DATUMS (Kwartaal 1)</u>**
  Ons kwartaalprogram met alle noodsaaklike datums is by hierdie Omsendbrief aangeheg.
  Sien Bylaag A.

- **<u>WEBWERF (www.laerskoolvillieria.co.za)</u>**
  Alle ouers/voogde word weereens herinner dat ons webwerf in volle werking is en ons ouers/voogde behoort feitlik alle nodige inligting daarop te bekom. Ons nuwe leerders, veral graad 1 se ouers/voogde, kan selfs skooltrots by die leerders aanmoedig en die skoollied tuis aanleer en inoefen.

- **<u>ADMINISTRATIEF</u>**
  Die volgende e-posadresse kan gebruik word om met die skool te kommunikeer:
  - ✓ Algemene skoolsake en e-posse aan die hoof - villiesskool@icon.co.za
  - ✓ Skoolgeld en skoolgeldvrystelling - finansies@laerskoolvillieria.co.za
  - ✓ Registrasies en oorplasing van leerders - maria@laerskoolvillieria.co.za
  - ✓ Naskoolaangeleenthede - naskool@laerskoolvillieria.co.za
  - ✓ Klere Hub - klerewinkel@laerskoolvillieria.co.za

  Vir enige betaling van onderriggelde, afsprake met die hoof en ander administrasie, kan u met die skoolkantoor tydens kantoorure tussen 07:00 en 14:00, in kontak tree.

- **<u>COMMUNICATOR</u>**
  Neem ook kennis dat die skool gebruik maak van die **<u>blou</u>** d6-Communicator wat op "Slim"fone, sowel as u rekenaar geïnstalleer kan word. Daaglikse gebeure volgens die kalender asook dringende boodskappe word gewoonlik daardeur gekommunikeer.
  *<u>Volg die volgende stappe om die "Toep" af te laai:</u>*
  Gaan na Google Playstore en soek na die d6-School Communicator.
  Gaan na www.school-communicator.com/download.php en volg die instruksies vir installasie op u rekenaar.

- **<u>NUUSBRIEWE</u>**
  U word weereens herinner dat alle Nuusbriewe slegs per e-pos gestuur word op Vrydae. Maak seker dat u dit ontvang en noukeurig deurlees. 'n Alternatiewe en meer omvattende Omsendbrief met belangrike datums, asook verskeie werksaamhede van ons skool, verskyn jaarliks aan die begin van die jaar.

- **FACEBOOK**
  Ouers/voogde maak seker dat u 'n "friend request" na Laerskool Villieria Amptelik stuur indien u lid van ons Facebookblad wil wees. Beantwoord alle vrae volledig asseblief.

- **SKOOLTYE**

| | |
|---|---|
| Graad R | 7:40 tot 12:50 |
| Graad 1 en 2 | 7:28 tot 13:00 |
| Graad 3 – 7 | 7:28 tot 13:30 |

  - Vroeg afhaal van leerders
    Vroeg afhaal van leerders moet absoluut beperk word tot doktersafsprake wat regtig nie na skool gemaak kan word nie, en/of dringende/hartseer aangeleenthede. Reël sover moontlik vooraf met u kind en die klasonderwyser(es), om onnodige afkondigings te beperk.

  - Leerderafwesighede
    Neem kennis dat laatkom van leerders, asook afwesigheid van leerders, die Departement van Onderwys na aan die hart lê. Leerders wat afwesig was, moet by terugkeer 'n afwesigheids- en/of doktersbrief by sy/haar voogonderwyser(es) inhandig.

  - Laatkom van leerders
    Daar word 'n ernstige beroep op ouers/voogde gedoen om te sorg dat leerders betyds by die skool sal wees. Ons het begrip vir enkele gevalle waar verkeer, huishouding en/of voertuie die oorsaak mag wees van laatkom. Ouers/voogde moet kennis neem dat herhaalde laatkom, kinders emosioneel ontstel en hulle in 'n verleentheid laat as hulle die klasse binnegaan.
    Indien 'n leerder by geleentheid laat is en die betrokke voogonderwyser(es) nie deur die ouerhuis gekontak is nie, word so 'n leerder afwesig gemerk. In die Intersenfase wissel die leerders, die voogonderwyser(es) dra dus geen kennis dat hy/sy eintlik teenwoordig is nie.
    NB: Verwittig die betrokke voog indien 'n leerder later by ons aansluit.

- **DISSIPLINE**
  Elke leerder het aan die begin van die jaar 'n Villiesgids (*huiswerkboek*) ontvang waarin huiswerk daagliks aangeteken moet word. Oortredings word agter in die huiswerkboek aangeteken vir ouers/voogde se kennisname. Indien 'n leerder op 'n betrokke dag nie sy/haar huiswerkboek by die skool het en 'n opdrag is nie voltooi, of hy/sy maak hom/haar skuldig aan 'n gedragsprobleem, word die oortreding in 'n "Byderhandboek" van die voogonderwyser(es) aangeteken. Hierdie oortredings word dan in ag geneem wanneer die Merietesertifikate aan die einde van die kwartaal uitgereik word. Maak asseblief 100% seker dat u kind(ers) se huiswerkboek daagliks in die tas is.

- **GEDRAGSKODE/DRINGENDE KENNISGEWING AAN OUERS**
  Ons doen 'n beroep op al ons ouers/voogde om agter in die leerder se Villiesgids *(huiswerkboek)* te let op die implementering van ons Gedragskode. In 'n omvattende poging om leerders aan te moedig om hard te werk vir sy/haar groen-, silwer- en goue sertifikate, asook die wennerspeld, is daar 'n bykomende blad ingevoeg waar dringende kennisgewings aan ouers/voogde aangeteken sal word. Gaan gereeld die huiswerkboek na en teken asseblief by die inskrywings. Om u kind te ondersteun in die strewe na die beloningstruktuur van merietekaarte, gaan gerus ons Dissiplinêre Beleid en Gedragskode voor in die huiswerkboek met hom/haar deur.

- **VERLORE KLERE**
  Alle verlore klere word op 'n daaglikse basis by die kantoor in vier kratte geplaas. Elke Maandag sal alle verlore klere by die Monumentjie uitgestal word. NB – MERK ASSEBLIEF U KIND SE KLERE DUIDELIK.

- **<u>OOP-EN TOESLUIT VAN SKOOLHEKKE</u>**
  Maak asseblief seker dat u kennis neem van die tye wanneer die skool se hekke in 30ste Laan, Ben Swartstraat, 29ste Laan en die Kerkhekkie, oop- en toegesluit word. Alle hekke open soggens om 6:30 en sluit 7:28.

  - <u>Toesluit van skoolhekke</u>
    Alle hekke word soggens om 07:28 toegesluit. Die skool kan dan slegs deur die hoof-/kantoorhek in Ben Swartstraat binnegegaan word.
    Die graad R-leerders word slegs by hulle hekkie in 30ste Laan afgelaai vanaf 6:30 tot en met 7:40, waarna die hek gesluit word. Leerders wat laat is kan dan slegs by die hoofhek in Ben Swartstraat toegang verkry.

  - <u>Oopsluit van skoolhekke</u>
    Baie belangrik – Vir die veiligheid van ons eiendom en natuurlik veral ons leerders, GEEN VOLWASSE TOEGANG BY HEKKE. Ouers/voogde maak slegs gebruik van die hoof-/kantoorhek in Ben Swartstraat.
    Die graad R-leerders verdaag om 12:50 tot 13:30 by hul graad R-hekkie in 30ste Laan.
    Wanneer die graad 1- en 2-leerders verdaag, word die kerkhekkie deur die GSF-personeel om 13:00 oopgesluit en word dadelik weer gesluit nadat die leerders uitgestap het (ongeveer 5 minute).
    Wanneer die graad 3- tot 7-leerders verdaag, word al die hekke om 13:30 deur leiers wat aan diens is, oopgesluit en hulle sluit weer die hekke om 13:45. Die naskoolhekkie in 30ste Laan is dan ook met ‘n magneetslot gesluit, maar word deur ‘n naskoolpersoneellid beman. Dit is ook waar die naskoolleerders uitgeteken word.

- **<u>VERKEER</u>**
  - <u>Op- en aflaai van leerders</u>
    30ste Laan het ‘n totaal oorbesige straat geword. Vermy asseblief indien moontlik. Alle kerkhekkie gebruikers word groot asseblief aangemoedig om by die uitgang ‘n regsdraai opsie te oorweeg. Toegang tot die 30ste Laan kerkterrein om 12:30 tot 13:00, word beperk tot graad 1- en 2-ouers wie se kind(ers) 13:00 verdaag.
    Alle ouers/voogde word versoek om te let op hul spoed, onthou u kind se veiligheid is so belangrik soos ‘n ander.
    Geen leerder mag in die twee kerkterreine wag en/of speel nie. Uit probleme van die verlede wil ons ‘n ernstige versoek aan ouers/voogde rig. Indien u ‘n kind(ers) in die Grondslagfase het, maar ook in die Intersenfase, stel ons voor om verkieslik die leerder(s) van die Grondslagfase, eerder in die wagklas te los totdat u senior leerder(s) om 13:30 verdaag. Ons buurkerk rig gereeld versoeke dat ons dit sal aanspreek.

  - <u>Graad 1- en 2-leerders (Kerkhekkie)</u>
    Die motorhek in 30ste Laan wat toegang na die kerkterrein verleen, word soggens 6:30 oopgesluit en om 07:30 toegesluit. Die hek word weer om 12:00 oopgesluit vir die middag afhaalsessie. Let wel – ‘n Eenrigtingverkeerstelsel dien as resep vir sukses. Die hek vêrste van die skool dien slegs as ingang en die hek naaste aan die skool dien slegs as uitgang. Ouers/voogde moet asseblief nie voor die kerkhekkie parkeer nie of in die draaie stop nie aangesien dit die vloei van verkeer belemmer.
    Neem kennis dat alle graad 1- en 2-leerders om 13:00 by die kerkhekkie opgelaai kan word. Hierdie hek word om sekuriteitsredes dadelik weer gesluit. Stiptelikheid by die bepaalde hekkie word streng toegepas. Indien u nie betyds by die hekkie is nie en dit gesluit vind, hoef u nie bekommerd te wees oor u kind(ers) nie. Die leerders word onder toesig van hul klasonderwyseres in die wagklas gehou tot 13:30 wanneer die hekke weer oopgesluit word. Sou u dringend u kind(ers) wil oplaai kan u aanmeld by ontvangs (ingang Ben Swartstraat) vanwaar die leerder(s) in die klas geroep sal word om by ontvangs aan te meld.

- <u>Graad 3- en 4-leerders</u>
  Graad 3- en 4-leerders word soggens in 30ste Laan, weerskante van die pad afgelaai, en in die middae in 30ste Laan en/of kerkhekkie opgelaai.

- <u>Graad 5-leerders</u>
  Alle graad 5-leerders se ouers/voogde word aangemoedig om hul graad 5-leerders in Ben Swartstraat af te laai, ook weerskante van die pad.

- <u>Graad 6- en 7-leerders</u>
  Alle graad 6- en 7-leerders se ouers/voogde maak asseblief gebruik van die Metodiste Kerk parkeerterrein op die hoek van 29ste Laan en Ben Swartstraat (die ingang is in Ben Swartstraat).

- **<u>ADDISIONELE BUITEMUURSE AKTIWITEITE</u>**
  Hierdie is aanvullende buitemuurse geleenthede vir leerders. Ouers/voogde kontak egter self die kontakpersoon en bespreek kostes, tye en werksaamhede.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ➢ Action Ball | - | Graad R | Janet Maré | 082 576 6725 |
| ➢ Akrobaat | - | Graad R – 7 | Marinda du Plessis | 082 491 7223 |
| ➢ A+ Studente | - | Graad R – 7 | Rachelle Freeman | 074 956 0796 |
| ➢ Beaux Arts Pottery | - | Graad R – 7 | Chrissie | 082 897 0662 |
| ➢ Jo Cristal Dramaklasse | - | Graad R – 7 | Ruby Kemp | 076 906 1232 |
| ➢ Kids Computers on Wheels | - | Graad R – 7 | Jannie Vreugdenburg | 082 897 0662 |
| ➢ Krieketkliniek | - | Graad R – 7 | Keath Slater | 079 143 7519 |
| ➢ Melinet (Netbal) | - | Graad R | Melinda de Goede | 083 292 0933 |
| ➢ Tennis | - | Graad R – 7 | Cornelia du Plooy | 082 496 9878 |
| ➢ Voortrekkers | - | Graad R – 7 | Corike Malan | 082 507 2518 |
| ➢ Xperiland | - | Graad R – 7 | Thea van Staden | 074 476 4813 |
| ➢ Little Readers | - | Graad R – 7 | Lechelle | 081 561 4886 |

- **<u>FINANSIES</u>**
  - **<u>Onderriggeld</u>**
    Skoolgeld, soos uiteengesit in onderstaande tabel. Betalings per EFT- of kaartbetalings by die finansiële kantoor. Die eerste maandstaat vir skoolgeld van 2025 is reeds aan ouers/voogde per e-pos gestuur.

| | **SKOOLGELD 2025** | |
|---|---|---|
| 1 Leerder | R12 600.00 | R1 260.00 p/m |
| 2+ Leerders | R25 200.00 | R2 520.00 p/m |
| Graad R (Per kind) | R14 200.00 | R1 420.00 p/m |
| Naskool (Per kind) | R 7 500.00 | R 750.00 p/m |

➢ <u>Wyse van betalings is soos volg:</u>

✓ *Internet (EFT)*
Ons wil ‘n ernstige beroep doen op ouers/voogde om van internetbetalings (EFT) gebruik te maak vir die betaal van skoolgeld sowel as naskoolgeld. Kontak die finansiële kantoor vir bankbesonderhede en u verwysingsnommer (familiekode).

✓ *Betalings gedurende bonusmaand en/of halfjaarliks*
Ouers wat later die jaar of gedurende ‘n bonusmaand die skoolgeld vereffen, word versoek om jaarliks ‘n kort skrywe aan mevrou Ida Roodt te stuur na finansies@laerskoolvillieria.co.za sodat u nie verder gedurende die jaar met vervolgingsaksies belas word nie.

- ✓ *Maandeliks vooruitbetaalbaar*
  Binne sewe dae na die aanvang van elke maand. Dit behels tien gelyke paaiemente. Die Januarie paaiement is nou reeds betaalbaar terwyl Februarie se paaiement voor of op Vrydag, 7 Februarie 2025 betaal moet word.
- ✓ *Laat betalings*
  Alle rekeninge wat negentig dae agterstallig is, sal aan skuldinvorderaars oorhandig word vir invordering en ouers/voogde sal verantwoordelik wees vir alle rente en ekstra kostes hieraan verbonde. Ouers/voogde moet steeds in gedagte hou dat hul met groot vrymoedigheid reëlings met mevrou Ida Roodt kan tref indien daar ‘n korttermyn probleem met die betaling van onderriggelde is.

- **Graad R- en Naskoolsentrumgelde**
  Bedryfskostes van graad R en die naskoolsentrum is steeds die verantwoordelikheid van die ouers/voogde. GEEN UITSTEL, AFBETALINGSOOREENKOMSTE of AANSOEKE OM VRYSTELLING kan aan enige ouer van graad R of ‘n ouer/voog van die naskoolsentrum gegee word nie. Dit funksioneer presies soos enige dagmoeder of kleuterskool. Indien naskoolgelde nie op datum is nie, sal u gekontak word en u kind(ers) geweier word om die naskoolsentrum by te woon. Herinner u kind dat geen onderriggeld en/of naskoolsentrum-gelde aan ‘n personeellid oorhandig mag word nie. Alle onderriggelde word per EFT-betaling in Villieria Skoolfonds bankrekening inbetaal of per kaart by die finansiële kantoor.

- **Skoolgeldvrystellings**
  Aansoeke word streng volgens die voorskrifte, soos saamgestel in die “REGULASIES INSAKE VRYSTELLING VAN OUERS VAN BETALING VAN SKOOLFOOIE 2005,” hanteer.
  - ➢ Die volgende kategorieë is van toepassing:
    - ✓ *Algehele vrystelling*
      Persoon wat ouerverantwoordelikhede aanvaar vir ‘n kind in pleegsorg, jeugsorg-sentrum, plek van veiligheid of weeshuis. Familielid wat ‘n weeskind, kind wat deur ouers verwerp is of ‘n kind met geen ondersteuning, versorg.
    - ✓ *Gedeeltelike vrystelling*
      Persoon kwalifiseer op grond van die Departementele formule en die aantal skoolgaande kinders.
    - ✓ *Voorwaardelike vrystelling*
      Vrystelling deur die Beheerliggaam verleen aan die persoon wat slegs vir ‘n gedeeltelike vrystelling kwalifiseer, maar wie se omstandighede van so ‘n aard is dat selfs die gedeeltelike fooi nie betaal kan word nie. Die Beheerliggaam koppel voorwaardes aan hierdie vrystelling.
    - ✓ *Geen vrystelling*
      Persoon doen nie aansoek vir vrystelling nie of kwalifiseer nie op enige gronde vir vrystelling nie.

Ouers/voogde wat jaarliks aansoek doen vir vrystelling van skoolgeld, kon reeds vanaf Vrydag, 17 Januarie 2025 per e-pos aansoekvorms aanvra by finansies@laerskoolvillieria.co.za sodat die aansoekvorms per e-pos gestuur kan word. Die volledige voltooide vorms moet voor of op Vrydag, 28 Februarie 2025 aan mevrou Ida Roodt ge-epos word. GEEN aansoekvorms sal per hand aanvaar word nie.
Let wel: Geen leerder mag met hierdie inligting belas word nie, hierdie is ‘n suiwer oueraangeleentheid. Alle navrae en/of finansiële reëlings mag slegs gerig word deur die ouer/voog aan mevrou Roodt.

Ons versoek u asseblief vriendelik om die FAMILIEKODE wat op u maandelikse rekeningstaat verskyn te gebruik wanneer u elektroniese betalings doen. Indien u enige ander verwysing sou gebruik, kan die finansiële stelsel nie u betaling korrek verwerk nie.

- **AKADEMIE**
  Elke leerder ontvang ‘n handboek per vak. Sommige van die handboeke is nie meer in ‘n “nuwe” toestand nie, maar ons versoek ons ouers om die handboeke asseblief te verstewig en weer met plastiek oor te trek. Motiveer u kind(ers) om eienaarskap te neem en dit na die beste van sy/haar vermoë op te pas.
  Beskadigde- en verlore handboeke moet ongelukkig aan die einde van die jaar deur die ouer/voog betaal word teen die kosprys van die betrokke handboek.

  - Assesseringstake en huiswerk
    Assessering word deurlopend klassikaal verrig sonder die hulp en/of ondersteuning van ouers/voogde. Indien ‘n leerder tydens assessering afwesig is, is dit die plig van die ouer/voog om ‘n doktersbrief as bewys van siekte by die voogonderwyser(es) in te handig. Indien dit nié gedoen word nie, word ‘n punt van “0” aangeteken. Afrikaans, Engels en Wiskunde sal soos altyd deurlopend huiswerk vir leerders gee. Soos die jaar vorder, mag leerders per vak addisionele opdragte vir huiswerk ontvang. Kontroleer daagliks u kind se huiswerkboek.

  - Boekkontrole deur ouers
    Leerders se skrifte word die week voor die toetsdatum aan die ouers/voogde gestuur vir kontrole. Maak seker dat u, u kind se boek onder oë neem en dit teken by die stempel. Prys u kind vir goeie werk gelewer.

  - Toetsdatums (Graad 4 – 7)
    Toetsafbakening sal ongeveer twee weke voor die toetsdatum aan die leerders uitgedeel word. Die toetsrooster vir kwartaal 1 was reeds deurgegee in Nuusbrief 3/2025 en is ook hierby aangeheg.

  - Onderrigmateriaal (Graad 4 – 7)
    ‘n Lys van benodighede vir die verskillende grade is op die webblad beskikbaar by www.laerskoolvillieria.co.za. Die skool verskaf alle skrifte, lees- en handboeke en selfs enkele ander leermateriaal aan die leerders. Ons is trots om te rapporteer, vir die vakke Lewensvaardighede, Skeppende Kunste asook Natuurwetenskap en Tegnologie, dat die skool feitlik alle materiaal vir sekere modelle en werkstukke voorsien. Slegs die skryfbehoeftes soos op lys van benodighede word nie voorsien.
    Vir graad R – 3 word alle skryfbehoeftepakkette by die skool aangekoop deur die ouers/voogde. Alle skrifte word eenvormig deur die skool vir u oorgetrek, papier sowel as plastiek. Slegs in enkel gevalle sal daar van ouers/voogde versoek word om materiaal te verskaf.

- **PROVINSIALE EN NASIONALE KLEURE**
  Laerskool Villieria het oor die jare ‘n tradisie ontwikkel om erkenning te gee aan leerders met besondere prestasies. Leerders wat onlangs provinsiale- asook nasionale kleure verwerf het, mag op Vrydae dié prestasiedrag aantrek. Ouers/voogde moet asseblief daarop let dat leerders netjies vertoon en nie mag toelaat dat leerders met deelnemersdrag skool toe kom nie. Waak daarteen dat toekennings wat die vorige jaar verwerf is, steeds op Vrydae gedra word en nie meer resent is nie.

  Hierdie leerders moet sorg dat prestasies gedurende die week teen Donderdae 13:30 ingehandig word sodat hul Maandae en/of Dinsdae gelukgewens en vereer kan word vir hul besondere buitemuurse prestasies tydens saalopening. Seniors handig in by juffrou Lindie van der Bank, en juniors handig in by juffrou Monique Bodenstein. Geen medalje, toekenning, sertifikaat, ensovoorts sal aanvaar word sonder die kind se naam en van, sportbeskrywing, medalje/sertifikaat wat netjies in ‘n sakkie verpak is nie.

- **<u>VILLIES NASKOOLSENTRUM</u>**
  Die Villies naskoolsentrum blyk steeds ‘n wenner te wees. Daar word daagliks ‘n verpligte studietyd gehou. Indien ‘n leerder se huiswerk afgehandel is, word daar verwag dat hy/sy sal lees, maaltafels leer of hom/haar met enige ander studiemateriaal besig sal hou.
  Indien daar enige probleme of positiewe voorstelle in dié verband is, kan u meneer Jaco Grobler (naskoolhoof) skakel. Daar word steeds deur die jaar gepoog om tydens studietye van onderwyspersoneel gebruik te maak. Neem wel kennis dat sukses by selfdissipline begin, dat ‘n naskool nie soos ‘n aupair-sisteem kan funksioneer nie. Kontak egter onmiddellik die naskool indien u opmerk dat huiswerk nie gedoen word nie. Ons volg dit vir u op en u as ouer/voog hou vol om tuis die leerders te motiveer om te werk gedurende studie.

  - <u>Villies naskoolleerders (Kerkhekkie):</u>
    Geen naskoolleerder mag deur ‘n ouer/voog by die kerkhekkie opgelaai word nie. Die leerder moet eers by die naskool gaan aanmeld indien hy/sy die skool om 13:30 wil verlaat en word dan deur die ouer/voog by die gebruiklike naskoolhekkie in 30ste Laan uitgeteken. Indien u die leerder voor gewone verdaagtyd kom afhaal, sal die ontvangsdame die naskool laat weet dat u kind nie die middag die naskool sal bywoon nie en kan u die betrokke leerder by die kantoor afhaal.

  - <u>Villies naskoolleerders (Buitemuurse-aktiwiteite)</u>
    Ouers/voogde moet asseblief skriftelik die naskool in kennis stel by naskool@laerskoolvillieria.co.za indien u kind(ers) by enige buitemuurse-aktiwiteit betrokke is. In u skrywe moet u, u kind se naam, van en graad noem, die sportsoort/aktiwiteit, die spesifieke dae en tye wat die naskoolpersoneel u kind oorbaan moet neem, hoe laat u kind weer terugkom vanaf oorbaan en of u, u kind self oorbaan gaan afhaal.

- **<u>BROODJIEPROJEK</u>**
  Ons rig groot dank aan mevrou Lurraine Lotteringen en mevrou Michelle Vermaak wat ons kontakpersone is vir die Broodjieprojek vir 2025. U kan hul gerus kontak by 082 778 1530 (Lurraine) of 072 906 8055 (Michelle) indien u enige navrae het om betrokke te raak, of ‘n bydrae wil lewer rakende dié projek *vir ons minder bevoorregde kinders*.
  Dankie vir die opoffering en bereidwilligheid om ook hierdie faset van ons skool voluit aan te durf. Groot dank ook aan die span ouers/voogde wat hul kant bring met die sorgvuldige voorbereiding van hierdie pousehappies. Indien u bereid is om enige finansiële bydrae te maak, kan dit direk by die skool inbetaal word onder “Broodjieprojek.”

- **<u>ENTREPRENEURSDAE</u>**
  Hierdie geleentheid is vir die ontwikkeling van ons leerders, en ons vra ERNSTIG dat die ouers/voogde nie die verkope sal oorneem nie, maar wel toesig sal hou slegs indien nodig. Entrepreneursdae vind nie meer kwartaalliks plaas nie, maar wel een maal per jaar vir die verskillende grade.
  - <u>Let op die volgende datums vir 2025:</u>
    - ✓ Grondslagfase (Graad 1 – 3) Donderdag, 20 Maart 2025
    - ✓ Intersenfase (Graad 4 – 6) Vrydag, 20 Junie 2025
    - ✓ Seniorfase (Graad 7) Vrydag, 5 September 2025 (Markdag)
  - <u>Die volgende belangrike reëlings is van toepassing:</u>
    - ✓ Daar sal graad 7-skoolleiers beskikbaar wees om die leerders te help wie nie hulp het nie.
    - ✓ Ouers/voogde wat kom help met toesig by hul kind, verkry daardie dag toegang tot die perseel by die motorhek in 30ste Laan, en nie by die kantooringang in Ben Swartstraat nie.
    - ✓ Die motorhek sal om 11:00 oopgemaak word.
    - ✓ Geen voertuigtoegang word toegelaat nie.

- ✓ Tafels sal gereed wees op die junior speelterrein.
- ✓ Verkope geskied vanaf 11:15 – 12:45.
- ✓ Geen energiedrankies, kougom, skiet- of watergeweertjies, rekkies, fluitjies of klappers mag verkoop word nie.
- ✓ Die skool verdaag op hierdie dae om 13:00 vir alle leerders.

- **<u>VERJAARSDAE</u>**
  Indien ‘n leerder verjaar kan hy/sy gewone klere aantrek. Indien dit in ‘n naweek of vakansie val, kan hul dit enige dag voor- of na die naweek of vakansie aantrek.

- **<u>TOESLUITKASSIES (LOCKERS)</u>**
  Soos per vorige Nuusbrief, kon graad 4- tot 7-leerders reeds vanaf Maandag, 20 Januarie 2025 toesluitkassies by mevrou Roodt in die finansiële kantoor kom betaal het teen R150 elk vir die jaar. Daar is nog toesluitkassies beskikbaar. EFT-betalings kan ongelukkig nie aanvaar word nie, aangesien ons werk op die basis van “First come, first serve.”
  Let wel: Geen toesluitkassies mag gedeel word met ander leerders of boetie/sussie nie. Geen toesluitkassie sal toegestaan word aan ‘n leerder sonder ‘n bewys van sy/haar kodeslot wanneer betaling gemaak word nie.

- **<u>FONDSINSAMELINGS</u>**
  Jaarliks doen ons ‘n vriendelike beroep op ons ouers/voogde om weer GROOT ASSEBLIEF ons Fondsinsamelings geduldig te ondersteun. Meer inligting sal nader aan die tyd deurgegee word.
  - <u>Sakkeprojek – Kwartaal 2</u>
    Leerders sal weer in die tweede kwartaal fondsinsamelingsvorms ontvang vir die Sakkeprojek 2025.

  - <u>Vuuraanstekers/Blits (Firelighters) – Kwartaal 3</u>
    Elke graad R- tot graad 7-leerder ontvang ‘n fondsinsamelingsvorm.

- **<u>INFORMELE FONDSINSAMELINGS</u>**
  Hierdie inisiatiewe is van toepassing op ouers/voogde wat wel jaarliks by hierdie instansies hulle aankope doen en/of die My School kaart by sekere instansies vertoon.

  - <u>My School</u>
    Persone wat wil betrokke raak om ons skool te ondersteun met hul My School kaart, hoef nie ‘n kind in ons skool te hê nie. Hul kan wel kosteloos ‘n kaart ontvang en voordele geniet. Daar is verskeie winkels betrokke by die Projek. Om net ‘n paar te noem van vele – Woolworths, Engen, Builders Warehouse, Loot.co.za, Netstar, Power24 Prepaid, ensovoorts. U kan die Aansoekvorm vanaf hul webtuiste aflaai by https://www.myschool.co.za/beneficiaries/downloads/
    Die My School verteenwoordiger sal dan die Aansoekvorms kom afhaal en verwerk en ons sal u in kennis stel wanneer u kaarte gestuur gaan word.

  - <u>Pick ‘n Pay Waverley</u>
    Ons het reeds met groot sukses ouers/voogde bewus gemaak van hierdie informele fondsinsameling waar ouers/voogde absoluut vrywilliglik kan deelneem indien hy/sy wel by Pick ‘n Pay Waverley aankope doen. U kan u strokies in die Laerskool Villieria houer gooi voor in die winkel. Hierdie is slegs ‘n gedeelte van ‘n jaar en ouers/voogde sal in kennis gestel word wanneer die projek weer afskop.

  - <u>Blits Elektries</u>
    Indien u enige aankope doen by Blits, vermeld asseblief by die toonbank “Die Vilieria” kontantrekening aan.

- **<u>VILLIES KLERE-HUB</u>**
  Laerskool Villieria se eie klerewinkel is al geruime tyd aan die gang.  Winkelure kan gedurende die jaar wissel, veral aan die begin en einde van 'n jaar.  Hou asseblief ons Nuusbriewe dop vir kommunikasie.
  Winkelure tans vanaf 7:00 – 9:00 (Maandae – Vrydae).
  E-pos:  klerewinkel@laerskoolvillieria.co.za

- **<u>VERHURING VAN SPORTSAAL</u>**
  Laerskool Villieria verhuur sy sportsaal vir funksies.  Vir enige navrae rakende kostes en fasiliteite, stuur asseblief 'n e-pos na villiesskool@icon.co.za vir aandag mevrou Ilze van der Merwe.

- **<u>BUITEMUURS</u>**
  Die skool sal poog om met die beskikbare personeel soveel as moontlik leerders by die verskillende aktiwiteite te betrek.  Moedig u kind(ers) aan om daarby in te skakel.  Aangesien busse baie duur is, vra ons vriendelik dat u steeds met vervoer van die leerders sal help.
  Ouers/voogde wat wel toestemming verleen dat hul kind(ers) saam met maats mag ry, moet hul eie versekering nagaan om die nodige dekking in dié verband te kry.
  Laerskool Villieria is een van die skole wat spog met puik ouergedrag langs die sportveld.  Mag ons jaarliks voortbou op hierdie ideaal.  Ongesonde druk op leerders mag later in die lewe tot groot hartseer lei.

Villiesgroete

**A.J. GROBLER**
**WNMDE HOOF**

**BYLAAG A**

## BELANGRIKE DATUMS

**(Kwartaal 1 – 2025)**

| | |
|---|---|
| Maandag, 27 Jan. | **RUGBY & NETBAL:** Oefen |
| | **GR. 6:** Ouerinligtingsaand & Geslagsvoorligtingvergadering (18:00) |
| Dinsdag, 28 Jan. | **ATLETIEK:** Oefen (6:30 – 8:00) |
| | **NETBAL & RUGBY:** Oefen |
| | **GR. 7:** Ouerinligtingsaand (18:00) |
| Woensdag, 29 Jan. | **RUGBY:** Inligtingsvergadering |
| Donderdag, 30 Jan. | **FOTODAG:** Individueel en Atletiek |
| | **ATLETIEK:** Curro Hazeldean, Eduplex, Tuine (Tuis) |

****************************************************************************************************************

| | |
|---|---|
| Maandag, 3 Febr. | **RUGBY:** Oefen |
| | **NETBAL:** Ouervergadering (18:00) |
| Dinsdag, 4 Febr. | **SKOOL VERJAAR:** 122 jaar viering |
| | **ATLETIEK:** Oefen (6:30 – 8:00) |
| | **ATLETIEK:** Curro Hazeldean (Weg) |
| Woensdag, 5 Febr. | **NETBAL:** Proewe o/10 – o/11 (14:00 – 16:00) |
| Donderdag, 6 Febr. | **ATLETIEK:** Oefen (6:30 – 8:00) |
| | **ATLETIEK:** Skuilkrans (Weg) |
| Vrydag, 7 Febr. | **GR. 6:** Geslagsvoorligting |

****************************************************************************************************************

| | |
|---|---|
| Maandag, 10 Febr. | **HULPPROGRAM:** Betrokke leerders ontvang briewe |
| | **RUGBY:** Oefen |
| | **WELSPREKENDHEID:** Grondslagfase |
| Dinsdag, 11 Febr. | **ATLETIEK:** Cluster by Rietondale High |
| | **RUGBY:** Oefen |
| | **WELSPREKENDHEID:** Intersenfase |
| Woensdag, 12 Febr. | **NETBAL:** Proewe o/10 – o/13 (14:00 – 16:00) |
| | **INLIGTINGSESSIE:** BELA-Wetgewing – Mnr. Marius Botha (17:30) |
| Donderdag, 13 Febr. | **RUGBY & NETBAL:** Oefen |

****************************************************************************************************************

| | |
|---|---|
| Maandag, 17 Febr. | **HULPPROGRAM:** Begin |
| | **SKAAK:** Begin |
| | **RUGBY:** Oefen |
| Dinsdag, 18 Febr. | **RUGBY:** Oefen |
| | **NETBAL:** Villies kliniek (o/10 – o/13) |
| Woensdag, 19 Febr. | **SKAAK:** Skaakaand vir entoesiaste (18:00) |
| Donderdag, 20 Febr. | **RUGBY:** Oefen |
| | **NETBAL:** Villies kliniek (o/10 – o/13) |

****************************************************************************************************************

| | |
|---|---|
| Maandag, 24 Febr. | **RUGBY:** Oefen |
| Dinsdag, 25 Febr. | **ATLETIEK:** Distrik |
| | **RUGBY & NETBAL:** Oefen |
| Donderdag, 27 Febr. | **RUGBY:** Vriendskaplik Midstream (Weg) |
| | **NETBAL:** Oefen |
| Vrydag, 28 Febr. | **GR. R:** Mini-Atletiekdag |
| | **NETBAL:** Pool-proewe o/12 – o/13 (L/s Villieria) |

****************************************************************************************************************

| | |
|---|---|
| Maandag, 3 Mrt. | **RUGBY:** Oefen |
| Dinsdag, 4 Mrt. | **RUGBY:** Vriendskaplik Garsfontein (Tuis) |
| | **NETBAL:** D3-proewe o/12 – o/13 (L/s Stephanus Roos) |
| | **NETBAL:** Oefen (o/10 – o/13) |
| Donderdag, 6 Mrt. | **RUGBY:** Oefen |
| | **NETBAL:** Vriendskaplik Garsfontein (Weg) |
| Saterdag, 8 Mrt. | **OPEDAG:** Gr. R – 7 |

**************************************************************************************************************

| | |
|---|---|
| Maandag, 10 Mrt. | **RUGBY:** Oefen |
| | **NETBAL:** Interdistriksproewe o/12A & o/13 (L/s Wonderboom) |
| Dinsdag, 11 Mrt. | **RUGBY:** Vriendskaplik Danie Malan (Weg) |
| | **NETBAL:** Oefen |
| Donderdag, 13 Mrt. | **RUGBY:** Oefen |
| | **NETBAL:** Tshwane proewe o/12 – o/13 (L/s Villieria) |
| Vrydag, 14 Mrt. | **NETBAL:** Toernooi o/10- tot o/13A- & B-spanne (Curro Hazeldean) |
| | **RUGBY:** Toer o/9 – o/10 (Zwartkloof) |
| Saterdag, 15 Mrt. | **RUGBY:** Toer o/9 – o/10 (Zwartkloof) |
| | **NETBAL:** Toernooi o/10- tot o/13A- & B-spanne (Curro Hazeldean) |
| Sondag, 16 Mrt. | **RUGBY:** Toer o/9 – o/10 (Zwartkloof) |

**************************************************************************************************************

| | |
|---|---|
| Maandag, 17 Mrt. | **RUGBY & NETBAL:** Oefen |
| Dinsdag, 18 Mrt. | **RUGBY:** Vriendskaplik Wonderboom (Tuis) |
| | **NETBAL:** Vriendskaplik Riviera & Eduplex (Tuis) |
| Woensdag, 19 Mrt. | **SOKKIE:** Gr. 5 – 7 |
| Donderdag, 20 Mrt. | **ENTREPRENEURS:** Gr. 1- tot 3-verkope 11:00 – 12:45 (Skool verdaag 13:00 vir alle leerders) |
| Vrydag, 21 Mrt. | **PUBLIEKE VAKANSIEDAG:** Menseregtedag |
| | **NETBAL:** Gauteng proewe (o/12 – o/13) |
| Saterdag, 22 Mrt. | **NETBAL:** Gauteng proewe (o/12 – o/13) |
| Sondag, 23 Mrt. | **RUGBY:** Toer o/11 – o/13 (Volksrust) |

**************************************************************************************************************

| | |
|---|---|
| Maandag, 24 Mrt. | **RUGBY:** Toer o/11 – o/13 (Volksrust) |
| | **NETBAL:** Oefen (Voorskool) |
| Dinsdag, 25 Mrt. | **RUGBY:** Toer o/11 – o/13 (Volksrust) |
| | **NETBAL:** Villies-Netbaldag (A- tot C-spanne) vs. Skuilkrans en Monumentpark (Tuis) |
| Woensdag, 26 Mrt. | **RUGBY:** Toer o/11 – o/13 (Volksrust) |
| Donderdag, 27 Mrt. | **RAPPORTE:** Uitdeel aan leerders |
| Vrydag, 28 Mrt. | **SKOOL SLUIT** |

**************************************************************************************************************

**AKADEMIE (Graad 4 – 7)**

- **Eksamenrooster vir kwartaal 1**

| DATUM | GRAAD 4 – 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|
| Donderdag, 20 Febr. ‘25 | Engels | Engels |
| Maandag, 24 Febr. ‘25 | Afrikaans | Afrikaans |
| Donderdag, 27 Febr. ‘25 | Wiskunde | Wiskunde |
| Dinsdag, 4 Mrt ‘25 | NW/Teg | EBW |
| Donderdag, 6 Mrt ‘25 | SW (Geskiedenis) | NW |
| Dinsdag, 11 Mrt. ‘25 | SW (Geografie) | SW (Geografie en Geskiedenis) |